Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

SGR VERWELKOM HOË HOF SE AL-BASHIR-BESLISSING

Adv Johan Kruger, Direkteur: Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (die SGR) verwelkom die omvattende verduideliking deur Regter Dunstan Mlambo, Regter-president van die Gautengse Afdeling van die Hoë Hof, namens 'n volbank van die Noord-Gautengse Hoë Hof. In sy beslissing het die Hof die redes verduidelik vir sy vroeër beslissing, waarin hy bevind het dat die Suid-Afrikaanse regering se versuim om die Soedanese President, Omar al-Bashir - in ooreenstemming met sy internasionale verpligtinge - in hegtenis te neem, strydig is met die Grondwet en onwettig is.

Die SGR verwelkom 'n versoek deur die Hof aan die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging (NDOV) om te oorweeg of dit toepaslik sou wees om strafregterlike verrigtingee teen individue in te stel wat verantwoordelik was vir die versuim om die Hof se vroeër beslissing na te kom, wat vereis het dat President al-Bashir verhoed moes word om Suid-Afrikaanse grondgebied te verlaat. Die Hof het die Konstitusionele Hof aangehaal dat 'n demokratiese staat wat gebaseer is op die Oppergesag van die Reg nie kan bestaan indien die regering die Regbank nie respekteer nie en versuim om hofbevele na te kom.

Die Hof het weer die belangrikheid en bindende aard van Internasionale Reg in ons grondwetlike bestel beklemtoon, en die belangrikheid daarvan om verpligtinge wat uit die Internasionale Reg spruit, na te kom. Die beslissing het die Nasionale Uitvoerende Gesag se grondwetlike plig om, sonder uitsondering, in ooreenstemming met die Grondwet, sy eie wetgewing en die Internasionale Reg op te tree, herbevestig, ongeag enige beleidsoorweging. Dit het ook die behoefte dat die Nasionale Uitvoerende Gesag die bevele van die Regbank moet respekteer en nakom as fundamentele beginsel van die Oppergesag van die Reg herhaal. Daarbenewens het die Hof beklemtoon dat nie die President óf enige Minister, hetsy individueel of as deel van die Kabinet, kan besluit of hulle hul grondwetlike verpligtinge wil nakom nie, met inbegrip van hul plig om bevele deur die Regbank na te kom.

Ons grondwetlike demokrasie is gegrond op die oppergesag van die Grondwet en die Reg. Gevolglik is die Grondwet die hoogste wet in Suid-Afrika en enige optrede wat daarmee strydig is, is ongeldig. Daarbenewens moet alle verpligtinge wat daardeur opgelê word, uitgevoer word. In hierdie geval het die Hof bevind dat, afgesien van die regering se versuim om grondwetlike verpligtinge na te kom, daar duidelike aanduidings is dat die regering versuim het om 'n uitdruklike bevel van die Hof na te kom. Gevoglik opper die regering se oënskynlike verontagsaming van 'n bevel wat deur die Hof gemaak is in hierdie geval, tesame met onlangse blatante aanvalle op die Regbank deur senior lede van die regerende party, ernstige vrae oor die stand van die Oppergesag van die Reg in Suid-Afrika.